

Baadjie hou vir baba warm!

Dié oulike baadjie sal 'n aanwins vir elke baba-uitset wees

CARDIGAN

BENODIGDHEDE

2(2; 2) bolle Patons Fairytale 4 ply (50 g elk), 1 paar elk breinaalde van 2,75 mm en 3,25 mm; 1 tapisserienaald om nate mee toe te werk; 4(5; 6) knope.

MATE

Borsmaat 43(48; 53) cm; lengte 20(23; 26) cm; moumaat 12,5(15; 18) cm.

SPANNING

35 ste is 10 cm breed oor patroonsteek.

AFKORTINGS

r — brei regs; aw — brei aweregs; gs — glipsteek; tgso — trek glipsteek oor; st(e) — steek(steke); ga — garing agtertoe; gon — garing oor naald; grn — garing rondom naald; m 1 — maak een steek; alt — alternatiewe; beg — begin; vermin — verminder; vermeer — vermeerder; vlg — volgende; pat — patroon; tes — tesame.

ROMP

(aaneengebrei)

Met 2,75-mm-breinaalde stel 151(167; 183) ste op.

1e Ry: r 2, *aw 1, r 1, herh vanaf * tot laaste st, r 1.

2e Ry: r 1, *aw 1, r 1, herh vanaf * tot einde.

Herh 1e en 2e ry 11 keer, vermin 3 ste in laaste ry — 148(164; 180) ste.

Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde.

1e Ry: r 3, *aw 2, r 2, herh vanaf * tot laaste st, r 1.

2e en alt Rye: aw 3, *r 2, aw 2, herh vanaf * tot laaste st, aw 1.

3e Ry: r 1, *r 2, aw 2, ga, gl 1, r 1, tgso, grn, aw 2, herh vanaf * tot laaste 3 ste, r 3.

5e Ry: soos 1e ry.

7e Ry: r 3, *aw 2, gon, r 2 tes, aw 2, r 2, herh vanaf * tot laaste st, r 1.

8e Ry: soos 2e ry.

Herh 1e tot en met 8e ry tot werk 12(14,5; 16,5) cm lank is, eindig aan VK.

Verdeel vir agter- en voorpante

Vlg Ry: behou deurlopendheid van pat, pat 34(38; 42) ste, heg 6 ste af, pat

68(76; 84) ste, heg 6 ste af, pat tot einde.

LINKERVOORPANT

Brei voort op laaste 34(38; 42) ste, vermin aan einde van alt rye tot 24(26; 30) ste oorbly, dan slegs aan voorste rand tot 17(19; 22) ste oorbly.

Brei 5(5; 7) rye.

Skouervorming

Heg 6(6; 7) ste af aan beg van vlg en vlg alt ry. Brei 1 ry. Heg af.

AGTERPANT

Heg garing aan vlg 68(76; 84) ste. Behou deurlopendheid van pat, vermin aan elke kant van alt rye tot 58(74; 72) ste oorbly.

Brei 19(19; 23) rye.

Skouervorming

Heg 6(6; 7) ste af aan beg van vlg 4 rye, dan 5(7; 8) ste aan beg van vlg 2 rye. Heg oorbl ste af.

REGTERVOORPANT

Heg draad aan oorbl ste vas en brei soos spieëlbeeld van linkervoorpant.

4,8 mg/ml Bechloorde Fenol; 1,4 mg/ml Fenol; 0,76 mg/ml Jodineerde Fenol; 0,4 mg/ml Natriumsalisilaat. Reg. Nr. K/14.1/7. TCP Noodhulpjel.



MOUE

Met 2,75-mm-breinaalde, stel 45 ste op.

Brei 16 rye rif soos vir cardigan, vermin in laaste ry — 44 ste.

Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde en brei 4 rye pat soos vir cardigan. Behou deurlopendheid van pat, vermeer aan elke kant van vlg en alt rye tot daar 56(60; 56) ste is, dan in vlg 4e rye tot daar 60(64; 68) ste is. Gaan voort tot sykant 12,5(15; 18) cm lank is, eindig aan VK.

Moukopvorming

Heg 2 ste af aan beg van vlg 2 rye.

Vermin aan elke kant van vlg en vlg alt ry, daarna in elke ry tot 14 ste oorbly. Heg af.

VOORSTE STROOK

Werk skouernate met agtersteek toe.

Met 2,75-mm-breinaalde stel 9 ste op.

1e Ry: r 2, *aw 1, r 1, herh vanaf * tot laaste st, r 1.

2e Ry: r 1, *aw 1, r 1, herh vanaf * tot einde.

Herh 1e en 2e ry een keer.

5e Ry: rif 4, heg 2 ste af, rif 3.

6e Ry: rif 3, stel 2 ste op, rif 4.

Rif 10 rye.


Herh laaste 12 rye 2(3; 4) keer, dan knoopsgatrye 1 keer, 4(5; 6) knoopsgate.

Gaan voort sonder knoopsgate tot band lank genoeg is om, effens gerek, al om voorkante en agter om hals te pas.

Heg af in rif.

AFWERKING

Moenie pars nie. Werk mounate met agtersteek toe; werk moue in. Werk voorste band in posisie vas; werk knope aan.



Kieme kan nie hierdie jel binnedring nie.

TCP Noodhulpjel. Die moderne, doeltreffende manier om wonde, skaafplekke en ligte brandwonde te behandel. TCP Noodhulpjel dood kieme wat infeksie veroorsaak — en vorm 'n beskermende antiseptiese skild wat die vel toelaat om asem te haal sonder dat kieme binnedring. En omdat dit 'n jel is, sal TCP nie vlek of mors nie.

TCP Behandel, reinig en beskerm.